

US BELEID MET BETREKKING TOT AKADEMIESE INTEGRITEIT: DIE VOORKOMING EN HANTERING VAN PLAGIAAT

Senaat: 26 November 2010

1. AGTERGROND

Akademie werk aan 'n universiteit bring mee dat akademici en studente blootgestel word aan idees, geskrewe materiaal en verskeie intellektuele en kreatiewe produkte van mede-studente en kollegas. Die bedoeling met akademiese werk is juis dat die idees van die dosent/navorsers en student deur hierdie idees en materiaal van ander gevorm en geslyp sal word. Terselfdertyd is daar 'n proses van kritiese evaluasie nodig wat nuwe en oorspronklike insette of sinteses maak om dit so van toepassing te maak op eietydse internasionale en plaaslike problematieke. Hierin lê die besondere bevrediging van akademiese werk op universiteitsvlak.

Uiteraard kan die oorspronklike bydrae van 'n persoon slegs ge-evalueer word as dit van die bydraes van ander persone duidelik onderskei word. Dit gebeur by wyse van erkende stelsels van erkenning en aanhaling. Deur nie hierdie konvensies te volg en die nodige erkenning te gee nie, word die grondslag van die akademiese werk aan 'n universiteit ondermyn. Deur hierdie werk (woorde, idees, skeppinge) van ander persone oor te neem asof dit die skrywer se eie is, word plagiaat gepleeg.

Die US wil verseker dat die meganismes in plek is om personeel en studente in staat te stel om akademiese integriteit te bevorder en plagiaat uit te skakel. Terselfdertyd is dit belangrik dat daar deurentyd konsekwent en billik te werk gegaan word in die hantering van sake wat verband hou met plagiaat. Dit is dus noodsaaklik dat die US 'n beleid in plek het wat hierdie aspekte ondervang en 'n raamwerk skep waarbinne funksioneer moet word.

Die volgende beleid word dus voorgedra en moet gelees word tesame met die US Raamwerkbeleid t.o.v. eties-verantwoordbare navorsing, die dissiplinêre kode vir studente van die US, die dissiplinêre kode vir personeel van die US, asook enige ander US beleide en riglyne, wat soos van tyd tot tyd van toepassing mag wees.

2. PLAGIAAT: OMSKRYWING EN BREË KATEGORIEË

2.1 Omskrywing:

Plagiaat is die oorneem en gebruik van die idees, materiaal en ander intellektuele eiendom van ander persone asof dit jou eie werk is. Plagiaat word ook letterdiefstal genoem.

Intellektuele eiendom hierin vervat is onder andere:

- a) *literêre werke*, wat insluit artikels, boeke, verhandelings, proefskrifte, koerante, tydskrifte, notas, kursusmateriaal, medestudente se werkstukke, e-posboodskappe, data, rekenaarkode, internetbronne, *gesproke teks*, wat insluit toesprake, kassetopnames, lesings, onderhoude, ens.
- b) *artistieke werke*, wat insluit beeldende en grafiese kuns, foto's, ens.
- c) *multi-media produkte*, wat insluit webwerwe, videoproduksies, films, CD's, ontwerpprojekte, ens.
- d) *musiekwerke*, wat insluit komposisies, lirieke, CD's, DVD's. musiek of klankgrepe op die internet, ens.

2.2 Kategorieë:

Alle gevalle van *plagiaat* kom neer op 'n ernstige oortreding, wat vir die persoon betrokke ernstige gevolge kan hê, selfs skorsing of uitsetting (in die geval van 'n student) of ontslag (in die geval van 'n personeellid) uit die Universiteit, afgesien van moontlike kriminele of siviele optrede.

In terme van die US se hantering van oortredings m.b.t. *plagiaat* word oortredings in drie breë kategorieë verdeel:

Kategorie 1: Geringe oortredings wat beskou kan word as onkundigheid, nalatigheid of onnoukeurigheid in die omgang met en erkenning van bronne, maar wat steeds *plagiaat* is.

Kategorie 2: Minder blatante gevalle, waar daar op 'n onoordeelkundige wyse met bronne/werk/materiaal omgegaan word, maar wat uiteraard steeds *plagiaat* is. Kategorie 1 en 2 oortredings word normaalweg deur die betrokke departement hanteer in die geval van studente. Herhaalde kategorie 2 oortredings kan in die geval van studente na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word en sal in die geval van personeel ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Personeel (verwys na minder ernstige oortredings) hanteer word.

Kategorie 3: Blatante gevalle, m.a.w. waar die werk/materiaal van 'n ander persoon op 'n opsetlike en doelbewuste wyse oorgeneem en gebruik word. In die geval van studente, sal hierdie gevalle normaalweg na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word en in die geval van personeel ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Personeel (verwys na ernstige oortredings) hanteer word.

3. US-BENADERING

Die US se beleidsbenadering word gebaseer op 'n ontwikkelings- of bewusmakingsdimensie, veral in die geval van studente en met inagnam van die US Leer- en Onderrigbeleid. Dit beteken nie dat die US toegeeflik is in sy hantering van plagiaat nie; intendeel, dit skep 'n basis vir 'n ferm, konsekwente en houdbare hantering van gevalle van plagiaat. Deur middel van hierdie dimensie skep die US die geleentheid dat oortredings m.b.t. plagiaat op gedentraliseerde wyse hanteer kan word, en dat sekere gevalle op departementele vlak afgehandel kan word en ander deur dissiplinêre prosesse aangespreek kan word, soos uiteengesit in 3.1 en 3.2 van hierdie dokument.

3.1 BEWEERDE OORTREDING(S) DEUR 'N PERSONEELLID

- (a) Die departementele voorsitter sal slegs op skriftelike klagtes dat plagiaat na bewering gepleeg is, tesame met die nodige bewysmateriaal, reageer. Sodanige klagte mag anoniem wees.
- (b) Waar vermoed word dat 'n personeellid hom/haar aan plagiaat skuldig gemaak het, word die saak deur die voorsitter van die departement gefasiliteer. Indien die personeellid wat die plagiaat uitgewys het, self ook die departementele voorsitter is, moet 'n ander personeellid in die betrokke departement by die proses betrek word.
- (c) Die departementele voorsitter doen navraag by die Afdeling Regsdienste om vas te stel of daar reeds enige vorige oortreding m.b.t. plagiaat aangemeld is. Hierdie inligting word in berekening gebring in die verdere hantering van die saak.
- (d) Optrede teen 'n personeellid is onderworpe aan die bepalinge van die Disiplinêre Kode vir Personeel. 'n Eerste oortreding indien van 'n minder ernstige graad word deur die dekaan van die fakulteit hanteer. Alle klagtes van beweerde ernstige (tweede of meerdere) oortredings deur 'n personeellid, sal i.t.v. die bepalinge van die Dissiplinêre Kode vir Personeel vir ernstige oortredings hanteer word.

3.2 BEWEERDE OORTREDING(S) DEUR STUDENTE

- (a) Waar vermoed word dat 'n student hom/haar aan 'n vorm van plagiaat skuldig gemaak het, word die saak verder deur die voorsitter van die departement en die betrokke dosent hanteer. Indien die dosent wat die plagiaat uitgewys het, self ook die departementele voorsitter is, moet 'n ander dosent in die betrokke departement by die proses betrek word.
- (b) Die student moet skriftelik ingelig word dat hy/sy na bewering 'n oortreding begaan het en dat die saak kragtens die reëls van die US op die uitsluitlike versoek van die student direk na die SDK verwys kan word, dat die proses voor die SDK formeel is en dat daar onder andere "die reg op bystand" (kragtens die Studente Dissiplinêre Kode) vir die student bestaan. Die student se aandag moet ook gevestig word op die moontlike strawwe wat deur die SDK oplê mag word.
- (c) Die departementele voorsitter doen navraag by die Afdeling Regsdienste om vas te stel of daar reeds enige vorige oortreding, tov die betrokke student, m.b.t. plagiaat aangemeld is. Hierdie

inligting word in berekening gebring in die verdere hantering van die saak. (Kyk (d) en (e) hieronder).

(d) In die geval van `n Kategorie 1 of 2 oortreding:

- i. Kategorie 1 gevalle word departementeel hanteer en herhaalde gevalle van kategorie 2 word na die Sentrale Dissiplinêre Komitee vir studente (SDK) verwys.
- ii. `n Eerste kategorie 2 oortreding kan op departementele vlak hanteer word. Die student moet egter self `n ingeligte keuse maak oor die moontlikheid dat die saak intern hanteer word, in welke gevalle daar bepaalde sanksies kan wees (bv. dat `n punt van nul toegeken word, dat die werkstuk oorgedoen word ens). In geval van optrede op departementele vlak, verval die student se “reg op bystand”, en die reg op aanspraak op `n proses wat voor die SDK gevoer word. Die keuse deur die student moet skriftelik geskied, op die voorgeskrewe vorm wat vanaf die Afdeling Regsdienste verkry word.
- iii. Die minimum straf deur `n departement is `n mondelingse waarskuwing.

(e) In die geval van `n Kategorie 3 oortreding:

- i. Die departementele voorsitter moet die saak na die Bestuurder: Studentedissipline verwys, wat die saak dan ingevolge die SDK se protokolle hanteer.
- ii. Die besluit van die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) oor optrede teenoor die student vind eweneens skriftelike neerslag.
- iii. Die Afdeling Regsdienste word skriftelik, op die voorgeskrewe vorm wat vanaf Regsdienste verkry kan word, ingelig oor die geval.

3.3 REKORDDOUDING TEN EINDE KONSEKWENTE HANTERING VAN PLAGIAAT TE VERSEKER

3.3.1 Departementele voorsitters moet alle gevalle van beweerde plagiaat by die Afdeling Regsdienste aanmeld. Dit geld ook vir sake waar die betrokke persoon onskuldig bevind is, vir kennisname.

3.3.2 Die volgende inligting moet alle aanmeldings vergesel:

- i. Plagiaat: Departementele Hantering (vorm soos voorgeskryf in Bylae 2)
- ii. Skriftelike klag wat ingedien is
- iii. Beweerde bewysmateriaal wat ingedien is
- iv. Name van persone wat met die ondersoek/verhoor betrokke was
- v. Bewys dat beweerde oortreder, in die geval van studente, sy/haar keuse uitgeoefen het om die saak eerder direk na die SDK te verwys, al dan nie.
- vi. Bevinding, met die straf, waar van toepassing.
- vii. Bewys dat beweerde oortreder van die beslissing in kennis gestel is.

3.3.3 Die Afdeling Regsdienste moet op `n jaarlikse basis alle gevalle yk - die rede hiervoor is om konsekwente optrede op institusionele vlak te verseker en `n mediaan-straf vasstel. In gevalle

waar dit duidelik is dat 'n betrokke departement buite die mediaan strawwe oplê, moet die betrokke departement ooreenkomstig verwittig word en van die nuutste riglyne voorsien word.

3.3.4 Appêlle word ooreenkomstig die bestaande protokolle en prosedures hanteer.

3.3.5 Alle sake moet as streng vertroulik hanteer word.

4 IMPLEMENTERING

4.1 Dit is die verantwoordelikheid van departemente om seker te maak dat alle studente en personeel bewus is van die beleid en seker te maak dat die prosesse daarin vervat konsekwent toegepas word.

4.2 Dit is verpligtend dat die Plagiaatverklaring (soos aangeheg in Bylae 1) deur studente onderteken word en aangeheg word by enige relevante studie-opdragte, soos voorgeskryf deur die betrokke departement. Dit is verder noodsaaklik dat personeellede bewus is dat hulle hulself ook onderwerp aan hierdie verklaring as werknemer van die Universiteit.

4.3 US beskik oor 'n ontwikkelingsinstrument (Turnitin programmatuur) wat beskikbaar is om studente in die leerproses te help om dokumente te kontroleer. Dosente word aangemoedig om hiervan gebruik te maak. Die Sentrum vir Onderrig en Leer sal met opleiding behulpsaam wees, waar van toepassing. Die US Biblioteek en Inligtingsdiens verskaf ook inligtingsgeletterdheidsessies waar plagiaat aangespreek word.

4.4 In die geval waar 'n tesis/dissertasie/mini-dissertasie ondersoek word vir plagiaat, moet die item vir die periode van die ondersoek onttrek word van SUNScholar asook enige ander aanlyn vorme van die dokument (bv. op departementele webwerwe). Indien geen vorm van plagiaat gevind word nie, kan die dokument weer beskikbaar gestel word.

4.5 Departemente moet daarna streef om die grootste moontlike mate van konsekwentheid in die implementering van die beleid m.b.t. die hantering van plagiaat te verseker, om daardeur billikheid vir alle personeel en studente te verseker.

4.6 Hierdie beleid geniet voorrang bo enige ander reëlins van fakulteite en departemente m.b.t. die hantering van plagiaat en die nodige aanpassings aan sulke huidige fakultêre en departementele reëlins moet gemaak word om te verseker dat dit in ooreenstemming is met hierdie beleid.

4.7 Die verantwoordelikheid vir die ondersteuning aan betrokkenes in die hantering van plagiaat word toegewys aan die Afdeling Navorsingsontwikkeling, wat in konsultasie met ander gepaste steundiensafdelings, soos bv. die Afdeling Regsdienste en die US Biblioteek en Inligtingsdiens, sal plaasvind.

4.8 Die Afdeling Regsdienste hou rekord van alle gevalle van plagiaat wat of deur die betrokke departement of deur die betrokke dissiplinêre komitees gerapporteer word.



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Plagiaatverklaring / Plagiarism Declaration

- 1 Plagiaat is die oorneem en gebruik van die idees, materiaal en ander intellektuele eiendom van ander persone asof dit jou eie werk is.
Plagiarism is the use of ideas, material and other intellectual property of another's work and to present is as my own.
- 2 Ek erken dat die pleeg van plagiaat 'n strafbare oortreding is aangesien dit 'n vorm van diefstal is.
I agree that plagiarism is a punishable offence because it constitutes theft.
- 3 Ek verstaan ook dat direkte vertalings plagiaat is.
I also understand that direct translations are plagiarism.
- 4 Dienooreenkomstig is alle aanhalings en bydraes vanuit enige bron (ingesluit die internet) volledig verwys (erken). Ek erken dat die woordelike aanhaal van teks sonder aanhalingstekens (selfs al word die bron volledig erken) plagiaat is.
Accordingly all quotations and contributions from any source whatsoever (including the internet) have been cited fully. I understand that the reproduction of text without quotation marks (even when the source is cited) is plagiarism.
- 5 Ek verklaar dat die werk in hierdie skryfstuk vervat, behalwe waar anders aangedui, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik ingehandig het vir bepunting in hierdie module/werkstuk of 'n ander module/werkstuk nie.
I declare that the work contained in this assignment, except where otherwise stated, is my original work and that I have not previously (in its entirety or in part) submitted it for grading in this module/assignment or another module/assignment.

Studentenommer / Student number	Handtekening / Signature

Voorletters en van / <i>Initials and surname</i>	Datum / <i>Date</i>
---	----------------------------



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

PLAGIAAT: DEPARTEMENTELE HANTERING

Mnr/ Me Studentenommer:

U het uself na bewering aan plagiaat skuldig gemaak, in die werkstuk

.....

wat u op ___ / ___ / ___ by die Departement

ingedien het as deel van die module

In terme van die *US Beleid met betrekking tot Akademiese Integriteit: Die voorkoming en Hantering van Plagiaat*, kan beweerde plagiaat óf departementeel óf deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) aangespreek word en wel aan die hand van die volgende riglyne:

Kategorie 1: Geringe oortredings wat beskou kan word as onkundigheid, nalatigheid of onnoukeurigheid in die omgang met en erkenning van bronne, maar wat steeds plagiaat is.

Kategorie 2: Minder blatante gevalle, waar daar op `n onoordeelkundige wyse met bronne/werk/materiaal omgegaan word, maar wat uiteraard steeds plagiaat is. Kategorie 1 en 2 oortredings word normaalweg deur die betrokke departement hanteer in die geval van studente.

Kategorie 3: Blatante gevalle, m.a.w. waar die werk/materiaal van `n ander persoon op `n opsetlike en doelbewuste wyse oorgeneem en gebruik word. In die geval van studente, sal hierdie gevalle na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word.

Die SDK-proses is formeel en u het in terme van die Studente Dissiplinêre Kode onder andere “die reg op bystand”. Die strawwe wat die SDK kan oplê, sluit in skorsing of uitsetting uit die Universiteit; die verbeuring van ‘n graad of diploma; die verbeuring van ‘n klaspunt of ander vorme van krediet wat verwerf is. Die SDK kan ook verder die besonderhede van die

oortreding en die straf, met insluiting van die student se naam, by wyse van 'n kennisgewing op die kampus publiseer.

Die Departement is van mening dat u beweerde oortreding wat hierbo gemeld word, 'n kategorie-oortreding is, en dat die saak op departementele vlak afgehandel kan word.

Indien u sou kies dat die saak departementeel afgehandel word, sal die volgende sanksies van krag wees:

- (i)
.....
.....
- (ii) U "reg op bystand" verval.
- (iii) U doen afstand van u aanspraak om die saak voor die SDK te laat dien.

Indien die departementele opsie hierbo u nie geval nie, kan die aangeleentheid na die SDK verwys word vir verdere handeling.

Hiermee kies ek
met studentenommer

dat die saak op departementele vlak afgehandel word.

dat die saak na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word.

.....
(handtekening van student)

.....
(datum)

.....
(handtekening van dosent)

.....
(datum)

.....
(handtekening van departementele voorsitter)

.....
(datum)

**Nota: 'n Afskrif van hierdie vorm moet ná ondertekening gestuur word aan:
Die Bestuurder: Studentedissipline, Regsdienste, kantoor B4207, Administrasie B-blok,
Stellenbosch-kampus.**